**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 11**

**VRAESTEL 3: Junie 2014**

**STELWERK**

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Inligting en instruksies**

1. **Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie se voorblad neer. (Jordaan, Gilbert, Middleton, Meiring, Bothma, Slattery).**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.**
   **Afdeling A. Opstel (50)**
   **Afdeling B. Lang Transaksionele Skryfstuk (30)**
   **Afdeling C. Kort Transaksionele Skryfstuk (20).**

3. **Jy moet 1 vraag uit elke afdeling beantwoord.**

4. **Skryf die NOMMER en TITEL van jou onderwerp duidelik bo-aan jou skryfstuk neer.**

5. **Wys deeglike beplanning.**

6. **Skryf jou EERSTE poging in potlood.**

7. **Trek 'n streep deur jou beplanning en eerste poging.**

8. **Doen die beplanning van elke afdeling op 'n skoon bladsy, skryf die eerste poging onderaan jou beplanning en skryf jou finale poging op 'n skoon bladsy.**

9. **Jy moet jou aantal woorde duidelik aan die einde van elke afdeling aandui.**

10. **Skryf netjies en leesbaar.**


**Afdeling A: Opstel.**

**Vraag 1.**

Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 'n opstel van 200-250 woorde daaroor. Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies duidelik neer. Jy moet bepanning en 'n eerste poging wys.

**1.1. My land – hárde land, móói land.**

Vertel van die dinge wat dit 'n harde land maak. Die jong demokrasie, politiek, misdaad, korrupsie, rase-verhoudings ens. Vertel ook van die mooi goed, soos die natuurskoon, wildtuine, strande, berge, braaivleis ens. wat die land spesiaal maak.




(50)

**OF**

**1.2. Toe kom die brief en krap alles om** (messed it all up)

Jy het alles so mooi beplan en toe ontvang jy 'n brief wat al jou planne omgekrap het. Wat was die plan en waaroor was die brief? Wat het gebeur?



**OF**

(50)

**1.3. <u>Ankers in my lewe.</u>** (anchors)

Daar is 'n paar goed wat help om jou lewe te anker. Wat of wie is dit? Watter rol speel hierdie goed/mense in jou lewe?




(50)

**<u>OF</u>**

**1.4. <u>Vuurmaakhout</u>** (firewood) **<u>vir 'n lang winter.</u>**

Dit hoef nie letterlik vuurmaakhout of winter te wees nie. Die hout en die winter kan simbolies wes. Waarvoor maak jy die hout bymekaar? Vertel.




(50)

**<u>OF</u>**

**1.5. Die dag toe my beste vriend/vriendin nie daar was vir my nie.**

Vertel wat daardie dag gebeur het en ook hoekom jou beste vriend/vreindin nie daar was nie. Was dit belangrik? Hoe het jy gevoel? En nou…?




(50)

**OF**

**1.6. Hierdie troeteldier** (pet) **het 'n groot rol in my lewe gespeel.**

Watter troeteldier was dit? Wat was die verhouding tussen jou en jou troeteldier? Was dit gedurende (during) 'n spesifieke tydperk in jou lewe? Lewe jou troeteldier nog? Vertel.



(50)

**OF**

**1.7. Kies een van die volgende prente en skryf dan jou opstel wat op die prent baseer is. Gee jou opstel 'n titel.**


1.7.1.



(50)

**OF**

1.7.2.




(50)

**OF**

1.7.3.



(50)


**Totaal vir afdeling A: 50**

**Afdeling B: Langer Transaksionele Skryfstuk.**

**Vraag 2.**

Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 120 -150 woorde daaroor.
Onthou jou beplanning op 'n skoon bladsy.
Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan.

**2.1. Vriendskaplike brief.**



'n Goeie vriend/in van jou het onlangs 'n belangrike toets gedruip. Jou vriend/in sukkel met die vak. Daar is drie weke oor voordat die eksamen begin. Skryf nou 'n vriendskaplike brief aan die persoon waarin jy vir haar/hom probeer moed inpraat (encourage) en ook aanbied om te help voorberei vir die eksamen.

(30)

**OF**

**2.2. Dialoog.**



Jou ma/pa is baie streng en het verskriklike hoë verwagtinge (expectations) van jou. Jy is nogal bang vir haar/hom. Jy wil haar/hom nie teleurstel nie, maar jy vind die druk baie moeilik om mee saam te leef. Jy het die moed (courage) bymekaar geskraap om met haar/hom te praat daaroor. Jy is heel verbaas (surprised) met haar/sy positiewe reaksie. Skryf nou die gesprek neer wat tussen jou en jou ouer plaasvind.

(30)

**OF**

## 1.3. Verslag



Margaret Smith in graad 11 se nuwe I-pad is gister by die skool gesteel. Jy het iets agterdogtigs (suspicious) gesien en dit by die Graad-beheerder, Mnr. Duke gerapporteer. Hy het vir jou gevra om 'n verslag te skryf oor <u>wat</u> jy alles gesien het, <u>waar</u> jy dit gesien het, <u>wie</u> jy gesien het. Onthou om die datum en tyd in jou verslag in te sluit. Jy moet ook die verslag onderteken.

(30)

Totaal vir afdeling B: 30

## Afdeling C: Kort Transaksionele Skryfstuk.

### Vraag 3

Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 80- 100 woorde daaroor.
Onthou om jou beplanning op 'n skoon bladsy te doen.
Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan


### 3.1. BBM Boodskap.



Jy moet vir jou ma 'n bbm boodskap stuur. Jy het vergeet om vir haar te vertel van 'n aktiwiteit wat jy na skool moet doen. Jy moet haar laat weet van die veranderinge in oplaai-tyd en plek. Onthou dit is jou ma met wie jy kommunikeer. (20)

**OF**


### 3.2. Dagboekinskrywing.



Vandag was jy in die tuin toe jy gesien het dat die buurman se hond die posbode wreed aangeval (attack) het . Die posbode kon niks doen om te keer wat gebeur het nie. Skryf nou in jou dagboek van die aaklige gebeure wat jy gesien het. Hoe erg (bad) was dit? Hoe het jy gevoel? Wie het gehelp? Wat het met die posbode en die hond gebeur? (20)

**OF**

## 3.3. Poskaart.




Teken die poskaart hierbo oor in jou antwoord boekie.

Jy het saam met vriende op vakansie gegaan. Skryf nou 'n poskaart aan jou ouers wat by die huis is om vir hulle te vertel wat julle alles doen en sien.

(20)

Totaal vir afdeling C: 20

**Groottotaal:100**